MUNISIPALITEIT SWARTLAND

KENNISGEWING 123/2017/2018

AFKONDIGING VAN EIENDOMSBELASTINGKOERS VIR DIE 2018/2019 FINANSIËLE JAAR

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 14(2) van die Plaaslike Regering: Munisipale Eiendomsbelastingwet, Wet 6 van 2004 dat die Swartland Munisipale Raad tydens 'n raadsvergadering gehou op 30 Mei 2018 die volgende eiendomsbelastingkoers goedgekeur het vir die tydperk 01 Julie 2018 tot 30 Junie 2019.

Kategorieë van eiendom		
Residensiële eiendom	sent in die Rand	R0.006123
Vakante grond	sent in die Rand	R0.007944
Sake- en Industriële eiendom	sent in die Rand	R0.007944
Landbou-eiendom (besigheids- en/of enige ander doeleindes)	sent in die Rand	R0.007944
Landbou eiendom (bona fide landbou-aktiwiteite)	sent in die Rand	R0.001531
Mynbou eiendom	sent in die Rand	R0.007944
Staatseiendom	sent in die Rand	R0.007944
Eiendom in landelike gebied wat gesoneer is vir besigheidsdoeleindes of waarvan 'n vergunningsgebruik ingevolge die soneringskemaregulasies goedgekeur is	sent in die Rand	R0.007944
Informele nedersettings, insluitend die wat voorkom op grond wat nie in residensiële erwe onderverdeel is nie	sent in die Rand	R0.006123
Eiendom wat vir meerdoelige doeleindes gebruik word (elke komponent word gekategoriseer en gehef)	sent in die Rand	Multi-tarief

Volledige besonderhede van die raadsbesluit ten opsigte van kortings, verminderings en uitsluitings, spesifiek tot elke kategorie van eienaars van eiendom, en tot eienaars van 'n spesifieke kategorie van eiendom, soos bepaal deur die kriteria van die munisipaliteit se Eiendomsbelastingbeleid, is beskikbaar ter insae van die publiek gedurende kantoorure by die munisipale kantore, biblioteke en op die Munisipaliteit se webtuiste (www.swartland.org.za).

J J SCHOLTZ
MUNISIPALE BESTUURDER

MUNISIPALE KANTOOR
PRIVAATSAK X52
MALMESBURY

15 Junie 2018